A12. 27

Ex "M"

'R'

JOAO ANASTACIO RODERIGUES

V E R K L A A R  ONDER  EED :

1.

Ek is 'n sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die Veiligheidspolisie, Hoofkantoor, Pretoria.

2.

Op 27 Oktober 1971 om 3.30 nm. het ek 'n skinkbord met koffie na kamer 1026 John Vorsterplein geneem, waar Kaptein J.H. Gloy en Kaptein J.Z. van Niekerk besig was met die ondervraging van Indiërman AHMED TIMOL.

3.

Die betrokke offisiere en TIMOL het die koffie gedrink en voortgegaan met die ondervraging. TIMOL het bedaard en op sy gemak voorgekom. Ek het hom nie ondervra nie.

4.

Quentin Jacobson. He was shocked. [illegible]

Om ongeveer 3.45 nm. het 'n lid van die Veiligheidspolisie by die kantoor ingekom en hardop aan die offisiere gesê dat hy die blankes wat by die ondersoek betrokke is, identifiseer het. Die naam QUENTIN JACOBSON was genoem.

Who?

5....2/.

H12

28

5.

TIMOL was sigbaar geskok en het benoud gelyk. Kaptein Gloy het my opdrag gegee om by TIMOL te bly terwyl hulle verdere navorsing in verband met die betrokke blankes gaan doen.

6.

Om ongeveer 3.48 nm. het beide offisiere die kantoor verlaat en ek het alleen by TIMOL agtergebly.

7.

Ek het aan die venster se kant van die tafel met my rug na die venster gesit op stoel 'A' terwyl TIMOL aan die teenoorgestelde kant van die tafel met sy gesig na die venster gesit het op stoel 'B'.

8.

Pas nadat die offisiere die vertrek verlaat het, het TIMOL my gevra om hom na die toilet te neem.

9.

Ons het beide van die stoele opgestaan. Ek het links om die tafel beweeg. Toe ek langs die tafel kom het ek 'n stoel 'C' wat in my pad was onder die tafel ingestoot. My oë was op die stoel gerig.

10.

'n Beweging aan my regterkant, skuins voor my, het my ......3/.

hierdie mense is. Hy was nie bereid om hulle name en adresse te verskaf nie en op een stadium het hy gesê dat Quentin 'n kleurling is maar dat hy nie weet waar hy woonagtig is nie. Later is dit vasgestel dat bogenoemde persone blankes was. Selfs hulle adresse is ook bekom en verder getuienis dat TIMOL en QUENTIN, baie nou geskakel het en planne beraam het om sabotasie in die R.S.A. te pleeg.

13.

Voor en na ondervraging was TIMOL in die bewaring van Sersant Bouwer gelaat. Op geen stadium is oorledene in my teenwoordigheid aangerand nie, en ek het ook geen wonde aan hom gesien nie.

14.

Gedurende die oggend van 27.10.1971 het ek besoek afgelê by die kantoor waar die oorledene ondervra is deur Kaptein Gloy en van Niekerk, met die doel om vas te stel hoe sake vorder.

15.

Hy was heeltemal op sy gemak en was besig om by die tafel te sit en skrywe. Hy het nie gekla dat hy sleg behandel word nie. Dieselfde dag ongeveer 4.00 nm. het ek verneem dat oorledene selfmoord gepleeg het deur te spring vanaf die Tiende Vloer waar hy altyd ondervra is. Ten tye van die gebeurtenis was ek aanwesig op die negende vloer waar die ondersoek van die saak, gedoen word.

16.

Ek is van mening dat TIMOL selfmoord gepleeg het omdat hy

venster sien lê.

16.

Ek het onmiddellik uit die kantoor gehardloop en geskree dat TIMOL deur die venster gespring het en die aangeleentheid gerapporteer aan Lt. Kol. Greyling.

17.

Ek en Lt. Kol. Greyling en ander lede van die Mag het onmiddellik na buite gehaas en sy liggaam is na binne gedra.

18.

Ek het TIMOL vir die eerste keer om ongeveer 3.30 nm. op 27/10/1971 gesien. Ek het hom nooit ondervra of aangerand nie.

SERSANT
J. A. RODERIGUES.

Bostaande verklaring deur my geneem.

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
11-11-1971
SOUTH AFRICAN POLICE

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy/sy ten volle op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig/bevestig voor my, en verklaarder se handtekening/duimafdruk/merk is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

I certify that the deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this statement which was sworn to/affirmed before me and the deponent's signature/thumb print/mark was placed thereon in my presence.

Kommissaris van Ede/Commissioner of Oaths

Datum / Date 11/11/71

Plek / Place Johannesburg

Ex N
31

Jacob Johannes Schoon Verklaar:-

Ek is Nr. 19916P A/O in die Suid-Afrikaanse Polisie en dien op die Veiligheidstak te John Vorster Plein, Johannesburg.

Op 27/IO/71 omstreeks 4 n.m. was ek besig met tik in my kantoor Nr. IO24 op die tiendevloer in John Vorster gebou. Dit was doodstil in die gebou behalwe vir die gedruis van motors buite in die straat.

Kantoor IO25 is 'n leë kantoor en was nie ingebruik nie, in IO26 was S/Serst. Rodrigues waar hy Timol bewaak het, ek glo nie hy was toe besig om hom te ondervra nie, want ek het hulle nie gehoor praat nie.

Terwyl ek besig was om ander papier in die tik masjien te sit het S/Serst. Rodrigues die kantoor ingestorm en gesê "Help hy het gespring." Hy was baie verskrik. Ek het by die venster uitgekyk en gesien dat daar 'n persoon tussen die struike lê, toe ek omdraai was S/Serst. Rodrigues weg.

Ek het dadelik Kol. P.J. Greyling se kantoor geskakel maar die telefoon was beset en het toe Kapt. Jordaan geskakel en hom van die voorval ingelig.

Op die 25ste, 26ste en 27ste Oktober het ek dikwels gedurende die dag voor die kantoor verby geloop waar Timol ondervra was, soms was die deur oop en nooit te enige tyd het ek gehoor of gesien dat Timol aangerand of mishandel word nie. Ek het soms vir hulle tee gaan gee en Timol het vir my normaal voorgekom.

J.J. Schoon 19916P A/O

Johannesburg.
29/2/72 9 v.m.

| | |
|---|---|
| Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy/sy ten volle op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig/bevestig voor my, en verklaarder se handtekening/~~merk/duimafdruk~~ is in my teenwoordigheid daarop aangebring. | I certify that the deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this affidavit which was sworn to/affirmed before me and the deponent's signature/thumb print/mark was placed thereon in my presence. |

[signature]
Vrederegter/Justice of the Peace C. S. SCHOLTZ
~~Kommissaris van Ede/Commissioner of Oaths~~

Datum/Date 1/3/72. Plek/Place Johannesburg.

VAN RESBURG XX

VERKLAAR ONDER EED:

1.

Ek is 'n Speurder-Adjudant Offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie te John Vorsterplein. Security Police Lt/Ras & Liebenberg

2.

Op 26.10.1971 vanaf naastenby 1.30 nm. het ek en Luitenant RAS en A/O. LIEBENBERG die woonstel van die TIMOL-gesin te Maréstraat 76, Roodepoort, deursoek. Teenwoordig was op die stadium, Mnr. en Mevr. TIMOL en op 'n later stadium hulle dogter wat tydens die deursoeking van die skool af gekom het.

3.

Nadat die deursoeking afgehandel was, het ek aanstaltes gemaak om te loop. Om een of ander rede het Mevr. TIMOL huilend agter my aangekom terwyl ek op pad uit die woonstel was. Ek kan nie sê waar my twee kollegas op hierdie stadium was nie.

4.

Die volgende gesprek het tussen my en Mevr. TIMOL plaasgevind:-

| | | |
|---|---|---|
| MEVR. T. | : | Ek wil my seun sien. |
| EK | : | Jy kan hom nie sien nie. |
| MEVR. T. | : | Hoekom het julle hom gevang ? |
| EK | : | Hy was stout. |
| MEVR. T. | : | My kind was nooit stout nie. Ek het hom nooit pak gegee nie. |
| EK | : | Kyk "ou Mama," 'n kind moet pak kry. As jy hom daardie tyd geslaan het, dan het jy nie nou gehuil nie. |

5.

Op hierdie stadium het sy opnuut aan't huil gegaan en ek het uitgestap.

6. .....

6.

Ek was nooit behulpsaam met die ondervraging van AHMED TIMOL nie.

33

NR. 26200K : S/A/O

BOSTAANDE VERKLARING DEUR MY GENEEM:

Getuie: SHO.

Ek sertifiseer dat:
Die verklaarder erken dat hy/sy op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig / bevestig voor my en verklaarder se handtekening/duimafdruk/merk is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

I certify that:
The deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this affidavit which was sworn/affirmed before me and the deponent's signature / thumb print / mark was placed thereon in my presence.

Vrederegter / Justice of the Peace
Kommissaris van Ede / Commissioner of Oaths

Datum / Date: 11/11/71.
Plek / Place: Johannesburg

Your said when he visited a house "R"
Can't remember who was there at the house
His original in Exh "W"

MARTHINUS DAVID RAS: X

VERKLAAR ONDER EED:

1.

Ek is 'n Luitenant in die Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Johannesburg.

2.

Op 26.10.1971 het ek die woning van die oorlede gevangene, AHMED TIMOL te Roodepoort besoek in geselskap van S/A/O. VAN RENSBURG en A/O. LIEBENBERG.

3.

Die woonplek is in 'n woonstelkompleks op die eerste vloer en die nommer van die woonstel is Nr. 2.

4.

Die rede waarom die woonplek besoek was, was om na 'n hardeblad boek van die oorledene te soek waarin, na bewering, 'n naamlys sou wees.

5.

By aankoms aldaar om 1.30 nm. op 26.10.1971 het A/O. LIEBENBERG die rede vir die besoek aan 'n oud Indiërvrou bekend gemaak en sonder dat sy 'n woord gesê het, het sy ons deurgelei na die balkon waar ek 'n lessenaar teen die linkermuur gesien het. Ek het die lessenaar stelselmatig begin deursoek en terwyl ek daarmee besig was het 'n Indiërdogter met skoolklere opgedaag en gesê: "These books are mine". Ek het toe aan haar gevra: "Is alles in hierdie laaie joune", en haar antwoord was: "Ja". Ek het egter voortgegaan om die laaie te deursoek en het gesien dat S/A/O. VAN RENSBURG met 'n ou Indiërman gesels. Ek het ook

gehoor...../2.

gehoor dat S/A/O. VAN RENSBURG aan die ou man sy motorkar sleutels vra waarop die ou man weer die dogter geroep het. Sy is toe van die balkon af die huis in.

6.

Ek het die deursoeking van die laaie voltooi en deur die voorhuis waar die ou vrou op daardie stadium hartroerend gehuil het na buite geloop waar ek op S/A/O. VAN RENSBURG en A/O. LIEBENBERG vir ongeveer 30 sekondes gewag het.

7.

Ekself het nie met die ou man of die ou vrou gepraat nie. Na my kennis is slegs die doel van ons besoek aan haar meegedeel deur A/O. LIEBENBERG.

8.

Aldrie van ons is toe omstreeks 2.00 nm. van die woonstel af weg na 'n perseel waarop 'n groen Peugeot motorkar gestaan het wat deur ons nagegaan is.

9.

Die sleutel van die motorkar is dieselfde datum om ongeveer 2.30 nm. weer deur A/O. LIEBENBERG by die woonstel afgegee terwyl ekself en S/A/O. VAN RENSBURG onder die woonstel in die voertuig gewag het. A/O. LIEBENBERG was ongeveer 60 sekondes weg waarna ons vanaf die woonstel vertrek het.

LUIT.
M.D. RAS.

BOSTAANDE VERKLARING DEUR MY GENEEM:

12 -11- 1971

verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig / ~~bevestig~~ voor my en verklaarder se handtekening/~~duimafdruk~~/~~merk~~ is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

...has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this affidavit which was sworn/affirmed before me and the deponent's signature/thumb print/mark was placed thereon in my presence.

Vrederegter / Justice of the Peace
Kommissaris van Ede / Commissioner of Oaths

Datum
Date

Plek
Place Johannesburg

JOHN VORSTERPLEIN R.O.M. / /1971.

XX 36 'A'4

~~Ex Q~~ Statement I

FREDERICK ROBERT BOUWER -

VERKLAAR ONDER EED:

1.

Ek is 'n Speurder Sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie, en verbonde aan die Veiligheidspolisie, Johannesburg.

2.

Op Saterdag 23.10.1971 om ongeveer 3 nm. het ek en Sersant LOUW bevele van ons Bevelvoerder ontvang om dieselfde aand om 6.00 nm. by Kapt. GLOY en VAN NIEKERK vir sekere diens te rapporteer.

Om 6.00 nm. dieselfde dag het Sers. LOUW en ek na kamer 1026 op die tiende vloer gegaan waar ons by Kapt. GLOY en VAN NIEKERK aangemeld het. Hulle het ons beveel om weer om 7.00 nm. terug te keer.

3.

Met ons aankoms by die kantoor om 7 nm. het ons binnegegaan en Kapt. GLOY, VAN NIEKERK en Indiërman TIMOL in die kantoor aangetref. Die twee kapteine het agter die tafel gesit en die Indiërman het reg voor hulle aan die ander kant van die tafel gesit. Ons was deur hulle meegedeel dat die Indiërman TIMOL die betrokke nag in die kantoor sal slaap en dat ons twee hom moet bewaak. Kapt. VAN NIEKERK het 'n matras en komberse aan ons uitgewys en gesê daar is 'n matras en komberse as hy wil gaan slaap, laat hom dit dan doen. Sy instruksies is gedurende die loop van die aand uitgevoer. Die volgende oggend om ongeveer 8.00 vm. het ek en Sers. LOUW die oorledene aan Kapt. GLOY en VAN NIEKERK oorhandig.

4.

Die aand van 24.10.1971 om 8 nm. het ons weer die oorledene by hulle oorgeneem en hom tot die volgende oggend bewaak.

5.

Die oggend van 25.10.71 om 8.30 vm. het ons die oorledene aan Lt.-Kol. VAN WYK en Kapt. BEAN oorhandig. Dieselfde aand om 7.30nm. het ons die oorledene by Lt.-Kol. VAN WYK oorgeneem.

6.

Op oggend van 26.10.71 om 8 vm. het ons die oorledene weer aan Lt.-Kol. VAN WYK en Kapt. BEAN oorhandig. Dieselfde aand om 8 nm. het ons weer die oorledene oorgeneem vir die duur van die nag.

7.

Die oggend van 27.10.71 om ongeveer 8 vm. het ons weer die oorledene aan Kapt. GLOY en VAN NIEKERK oorhandig.

No injury

[signature] S/SERS.
F.R. BOUWER.

JOHANNESBURG.

10.20vm. 5.11.1971.

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy die inhoud van hierdie verklaring ken en verstaan. Hierdie verklaring is beëdig voor my, en verklaarder se handtekening/duimafdruk/merk is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

I certify that the deponent has acknowledged that he knows and understands the content of this declaration which was sworn to/affirmed before me and the deponent's signature/thumb print/mark was placed thereon in my presence.

Rmugn 24755F a/o
Kommissaris van Ede/Commissioner of Oaths

JACOB WILLEM STEFANUS LOUW

XX

Exh "J" 37

VERKLAAR ONDER EED:

1.

Ek is 'n Speurder Sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie, verbonde aan die Veiligheidstak, Johannesburg.

2.

Op Saterdag 23.10.71 om ongeveer 3.00 nm. het Kol. GREYLING my beveel om vanaf 6 nm. saam met Sers. BOUWER Indiërman TIMOL by Kapt. GLOY en VAN NIEKERK oor te neem.

Om 6 nm. dieselfde dag het Sers. BOUWER en ek na kamer 1026 op die 10de Vloer, John Vorsterplein gegaan. Kapt. GLOY en VAN NIEKERK het ons beveel om weer om 7 nm. terug te keer, wat ons toe wel gedoen het.

Met ons aankoms ongeveer 7 nm. het ek Kapt. GLOY en VAN NIEKERK en TIMOL in die kantoor gevind.

3.

Hulle het ons meegedeel om Indiërman TIMOL die betrokke nag in die kantoor te bewaak en bygevoeg dat hy daar moet slaap. Kapt. VAN-NIEKERK het ~~'n ons~~ 'n matras en komberse uitgewys waarop hy moes slaap.

4.

Om 8 vm. op 24.10.71 het Kapt. VAN NIEKERK en GLOY die oorledene by ons oorgeneem.

Op 24.10.71 om 8 nm. het ons weer die oorledene by hulle oorgeneem en bewaak tot om 8.30 vm. op 25.10.1971 wanneer Kol. VAN WYK en KAPT. BEAN hom by ons oorgeneem het.

Dieselfde aand om ongeveer 7.30 nm. het ons hom weer by hulle oorgeneem.

Op 26.10.1971 om 8 vm. het Kol. VAN WYK en Kapt. BEAN weer die oorledene by ons oorgeneem.

Om 8 nm. op 26.10.71 het ons weer die prisonier oorgeneem en bewaak tot 8 vm. 27.10.1971 wanneer Kapt. GLOY en VAN NIEKERK weer oorgeneem het.

J.W.S. LOUW : S/SERS. 29226K

JOHANNESBURG.

5.11.1971 - 11 VM.

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy/sy vertroud is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig/bevestig voor my en verklaarder se handtekening/duimafdruk is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

I certify that the deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this affidavit which was sworn to/affirmed before me and the deponent's signature/thumb print/mark was placed thereon in my presence.

Vrederegter / Justice of the Peace. Kommissaris van Ede / Commissioner of Oaths.

Datum / Date 5/11/71 Plek / Place Johannesburg

XX 38

Statement "X"

Exh "S", "Z", "DD" handed in

CECIL WILLIAM ST.JOHN PATTLE,

States:-

1.

I am a Brigadier in the South African Police, stationed at John Vorster Square, Johannesburg.

2.

On 27.10.1971 at about 4.10.pm I was sitting in my office No.705 on the 7th floor, John Vorster Square, when a report was made to me by Brig.Burger that a body had been seen falling from the 10th floor, Commissioner Street side of John Vorster Square a few minutes before.

3.

I immediately proceeded by lift to the ground floor of the building and, on leaving the lift, I observed members of the Security police led by Lt.Colonel Greyling carrying what appeared to be a body in a blanket from the Commissioner Street side of the building towards the lift.

4.

I spoke to Lt.Col. Greyling who appeared to be most upset and said " Dit is ons man."

5.

At a later stage, approxamately 4.20. pm, I again interviewed Lt.Col.Greyling in his pffice where he made a further report to me in consequence of which I accompanied him to office no.1026 on the 10th floor of the building where I was introduced to Det.Sgt.Roderigues of the Security Branch.

6.

The latter made a full report to me as to what had taken place, In consequence of what was said to me by Det.Sgt.Roderigues

.............2/

8 22/11/71

11 26
39

I made an examination of the office in question.

7.

There were no apparent signs of the office having been unduly disturbed or that a struggle had taken place therein. There were no signs of blood stains on the floor, walls, ceiling or furniture in the office. The left hand section of the window was ajar (Approxamately- 55 degrees) and the retaining screw on testing the window, was found to be loose. (unscrewed). No scratch marks or any other marks which might indicate a struggle were found on the window or walls nor were traces of hair or other body tissues found.

8.

On concluding my investigation I phoned and ascertained that D/W/Officer van der Merwe, an official photographer attached to the local fingerprint department was available for duty but had already left his office for home. I phoned his house at about 4.45.pm on the aforementioned date and, as he had not yet arrived, I left a message requesting him to return to office immediately he arrived.

9.

D/W/Office van der Merwe reported to me at about 5.40pm on my instrutions, he took various internal photographs of the office showing certain points as indicated to me by Det. Sgt. Roderigues and as at this stage, it was already dark no external photographs were taken of the building or the place where the body of the deceased was alleged to have struck the ground.

10.

The following morning D/W/Officer van der Merwe took various photographs of the place of impact where the body of the deceased allegedly struck the ground indicating an indentation of the ground surface and damage to the shrubs apparently accasioned by the impact of the body during the fall. The

22/11/71

..........3/

11 36

40



point of impact was a distance of approxamately 10 feet from the building line (right angular measurment). The building wall is perpendicular with no mural projections other than possible open windows and there were no visible indications that the body had struck the wall or any projection therefrom the course of the fall.

..........................Brig.

JOHANNESBURG.
22.11.1971.

Above statement taken by me.

..........................Major.

SHO

Datum
Date 22 . 11 . 71

Johannesburg

GABRIËL JOHANNES DEYSEL

4 A 27.

~~Ex "S.1."~~ Statement "S"

1.

Ek is 'n S.A.O. in die Suid-Afrikaanse Polisie en verbonde aan die veiligheidsafdeling te John Vorsterplein, Johannesburg.

2.

Op 27/10/1971 om ongeveer 4 nm. was ek aan diens in die Veiligheidskantore te bogenoemde adres.

3.

Terwyl ek in die gang van die 10de vloer geloop het, het ek gehoor iemand skree dat AHMED TIMOL wie deur die Veiligheidspolisie ondervra word, deur die venster gespring het in die kant van Commissionerstraat.

4.

Ek het onmiddelik twee komberse gegryp en na die hysbak gehardloop waar ek vir Lt. Kolonel Greyling teegekom het. Ons is saam met die hysbak na die grondvloer vanwaar ons na die plek gehardloop het waar TIMOL gelê het.

5.

By ons aankoms daar het TIMOL op sy maag gelê, sy regterarm onder sy liggaam in, sy linkerarm het effens weg van sy lyf

...2/.

42 A21.

af met die pols na bo gelê.

Sy regterbeen na binne gebuig en sy linkerbeen reguit. Sy bene het effens van mekaar gelê. Sy regter voet was sonder skoen.

Sy mond effens na regs in die rigting van die struik. Die struik was aan sy regterkant ongeveer by sy skouers en bors. Daar het takke van die struik onder sy liggaam gelê onder sy bors en skouers.

6.

By ons aankoms het ons albei aan sy linkerhand se pols gevoel. Ek het gevoel dat dit nog klop. Kol. Greyling het gehardloop om 'n geneesheer te ontbied. Op hierdie stadium was daar nog geen bloed sigbaar.

7.

Ek het die kombers van sy linkerkant onder hom ingedruk en hom probeer omrol op die kombers. Die eerstekeer het dit muslik aangesien sy liggaam uit my hande geglip het. Ek het hom omgedraai en toe het daar bloed by sy gesig begin uitstroom.

8.

Ek het gevoel ons moet TIMOL so gou as moontlik by 'n geneesheer kry en met behulp van my kollegas het ons hom na binne gedra. Hy het op sy rug op die kombers gelê.

...3/.

9.

Toe ons Timol by die ontvangskamer ingang ingebring het het ek weer aan sy pols gevoel ek het gevoel dat daar geen geklop is en ek het geweet hy is dood.

Ek het n rapport aan Lt. Kol. Greyling gemaak tot die effek.

Kol. Greyling het gekom en saamgestem dat hy dood is.

10.

Ons het Timol na die naaste kantoor op die 9de vloer geneem en neergelê vanwaar hy verwyder is na die lykshuis nadat hy deur die distriksgeneesheer ondersoek was.

11.

Timol het met sy kop in die rigting van die gebou gelê.

12.

Ek het teruggekeer na die plek waar Timol gelê het, met die doel om sy ander skoen te soek. Ek het n regtermans skoen op punt X asook n manspols horlosie op punt Y op die toneel gevind. Die horlosie se armband was gebreek. Dit was n leerarmband.

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
16 -11- 1971
SOUTH AFRICAN POLICE

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy/sy ten volle op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig/bevestig voor my en verklaarder se handtekening/duimafdruk/merk is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

I certify that the deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this affidavit which was sworn to/affirmed before me and the deponent's signature/thumb print/mark was placed thereon in my presence.

S/O

Vrederegter/Justice of the Peace.
Kommissaris van Ede/Commissioner of Oaths.

Datum/Date 16/11/71 Plek/Place Johannesburg

S/A/O
G. J. DEYSEL.

Verklaring deur my geneem.

Ex "T" x 44

Vernon Denis Kemp,

Verklaar, Ek is Distriksgeneesheer te Johannesburg.

Op 27.10.1971 omstreeks 3.55nm. het ek ʼn berig ontvang as gevolg waarvan ek na John Vorsterplein gegaan het.

Met my aankoms daar om 4.05nm. het ek na die Veiligheidskantore op die 9de. vloer gegaan. Waar die liggaam van ʼn Indiërman aan my uitgewys was. Met ondersoek het ek vasgestel dat hy reeds dood was. Hy was ~~pas~~ dood.

........................( V.D. KEMP.)
HOOF DISTRIKSGENEESHEER, JOHANNESBURG.

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy ten volle op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

.......................
KOMMISSARIS VAN EDE.

...5/4/72
DATUM.

...LEIN - K.O.D.: ...
KOUING NR. 305/71 :
.../71 ...

Ex X 4

45

S.A.P. 183 3991/71

BEëDIGDE VERKLARING INGEVOLGE ARTIKEL 239(4) QUAT VAN WET 56 VAN 1955 SOOS GEWYSIG DEUR ARTIKEL 8 VAN WET 96 VAN 1965.

Ek, Jacobus Johannes Floris Mostert

verklaar hiermee onder eed:-

1. Dat ek 'n Assistent Kurator by die Staatsdodehuis te Johannesburg is.
2. Dat tydens die verrigtinge van my ampspligte aldaar of in verband daarmee:

(a) 'n lyk aan my uitgewys en in my sorg gelaat was deur

Kaptein v. Niekerk ............ op 27-10-71

(b) Ek genoemde lyk na die Staatsdodehuis vervoer het.

(c) Ek genoemde lyk aan Sers. J.P. Fourie ..........

Assistent Kurator by die Staatsdodehuis, Johannesburg

uitgewys het op 28-10-71 ............ as die van

Nie-blanke man ............ lyk No. 3991/71

(d) Terwyl in my sorg het genoemde lyk geen beserings of letsels opgedoen nie.

... JJ Mostert ......... No. 34224M. Rang Sersant.

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy ten volle op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

[signature] 54834 ...

KOMMISSARIS VAN EDE.

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
DATUM
GENEESKUNDIG-GEREGTELIKE LABORATORIUM
28-10-1971
MEDICO-LEGAL LABORATORY
JOHANNESBURG
SOUTH AFRICAN POLICE

S.A.P. 183/3991/71.A..............

X
46

BEëDIGDE VERKLARING INGEVOLGE ARTIKEL 239(4) QUAT WET 56 VAN 1955 SOOS GEWYSIG DEUR ARTIKEL 8 VAN WET 96 VAN 1965

Ek, JOHAN PETRUS FOURIE, verklaar hiermee onder eed:-

1. Dat ek 'n Assistent Kurator by die Staatsdodehuis te Johannesburg is.

2. Dat tydens die verrigting van my ampspligte aldaar of in verband daarmee:-

(a) 'n Lyk aan my uitgewys en in my sorg gelaat was deur Serst. J.J.F. Mostert op 28/10/71

(b) die lyk aan my uitgewys was as die van Ahmed Essop Timol deur Yousuf A. Timol, op 29/10/71. Op 28/10/71 deur Nr. 23123B Serst. L.G. Kleyn, as die van 'n Indierman wie hy op 22/10/71, te Fuelweg, Coronationville, arresteer het.

(c) Ek genoemde lyk aan Dr. N.J. SCHEPERS Staatspatoloog /~~xxxxxxxxxxxxxxxx~~, Johannesburg uitgewys het op 29/10/71 as die van Lyk Nr. 3991/71.

(d) Terwyl in my sorg het genoemde lyk geen beserings of letsels opgedoen nie.

NO. 15803N S E R S A N T.

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy ten volle op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

KOMMISSARIS VAN EDE.

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
GENEESK.-GEREGT. LABORATORIUM
4 -11- 1971
DATUM.
JOHANNESBURG
SOUTH AFRICAN POLICE

Ex 'W'

47

S.A.P. 183 /3991/71.

NAME
NAAM Yousuf Ahmed Timol. Id. N° 800/017052.

RESIDENTIAL ADDRESS
WOONADRES Flat N° 2, 76 Mare Str. Roodepoort.

EMPLOYED AT
WERKSAAM TE 76 Mare St, Roodepoort.

DO HEREBY MAKE OATH AND SAY.-
VERKLAAR HIERMEE ONDER EED:-

1. I am an adult Indian male / female residing at the above
Ek is 'n volwasse........Man / vrou woonagtig te bogenoemde
address.
adres.

2. On 27.10.1971 I identified the body of a Indian male /
OP...........identifiseer ek die lyk van 'n..........Man/
~~fema~~le as being that of Ahmed Essop Timol.
vrou as die van ..........
to the Assistant Curator at the Government Mortuary,
aan die Assistent Kurator by die Staatsdodehuis, JOHANNESBURG.

[signature]

The above statement was taken by me at the Government Mortuary,
Bostaande verklaring is deur my geneem by die Staatsdodehuis,

JOHANNESBURG on / op 27. 10. 71. at / om 4.45 am.

Bosman. N° 22184 P Sgt.

I certify that the deponent has acknowledged that he / ~~she~~ knows and understands the contents of this affidavit which was sworn to before me and the deponent's signature was placed thereon in my presence. Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy / sy ten volle op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig voor my en die verklaarder se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

Bosman. N° 22184 P Sgt.
COMMISSIONER OF OATHS.
KOMMISSARIS VAN EDE.

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
DIST. 66
GENEESKUNDIG-GEREGTELIKE LABORATORIUM
29-10-1971
MEDICO-LEGAL LABORATORY
JOHANNESBURG
SOUTH AFRICAN POLICE

DATE.
DATUM.

**Collection Number: A3388**

**Collection Name: Ahmed Timol Inquest, records, 1971-1972**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive**
*Location:* **Johannesburg**
**©2015**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of the archive held at the Ahmed Kathrada Foundation.